

STELLENBOSCH GEBEDSNETWERK

7 Weke van gebed 2019

Voorbereiding vir Herlewing – Hos 2:20 Ek sal die lug antwoord en die sal die grond

antwoord .

GEBEDSWEEK 3: 3-9 Junie 2019 EKONOMIE

Matt 6:19- 21

(19) Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. (20) Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie (21) Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.

Luk 16:10,11

(10) Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in die groot dinge oneerlik. (11) As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou?

Deut 8:18

Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf.

Job 22:23 – 26

(23)As jy terugkom na die Almagtige toe, sal jy herstel word. As jy die kwaad ver van jou woonplek af hou,(24)jou goud as nikswerd beskou, die goud uit Ofir as sin werd as 'n klip in die spruit, (25) sal die Almagtige jou goud wees, jou skat aan silwer. (26) Dan sal jy jou in die Almagtige verlustig en jou weer tot God wend.

2 Kor 9:6

Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes.

ALGEMENE GEBEDSRIGLYNE:

* **Ons regering:** Ons dank die Here vir vredevolle verkiesing. Ons bid vir die regering en al die leiers van die politieke partye vir openbaring van Sy Waarheid, wysheid en gewillige harte om gehoorsaam te wees aan God se instruksies vir Sy seën 1 Tim 2:2

*Ons bid vir **goeie verhouding tussen SA en Israel** Gen12:3 en Ps 122:6

*Ons bid dat die **fondasie van geregtigheid** in stede, gemeenskappe en SA en Stellenbosch herstel sal word. Jes 54:14

*Ons vra vir die **beskerming oor SA en Stellenbosch gemeenskappe:** Dat elke plan van korrupsie/ skending/bedrog/ misleiding/ verwarring /verwoesting deur die Vader se ingryping openbaar sal word. Jes42:22

* **Die jeug:** Ons vra vir die **uitstorting van die Heilige Gees oor die jeug** en dat daar rolmodelle na vore sal tree as mentors vir die jeug en wie se raad en voorbeeld gevolg sal kan word. Ons vra dat tegnologie gebruik kan word om die jeug op te bou, hulle te bemagtig en 'n Goddelike identiteit te verkry om die plan wat God met hulle lewens het te vervul. Joël 2:28

***Skole en Opvoeding:** Ons vra vir die beskerming van die SA kinders van enige skade wat deur die voorgestelde seksvoorligting program aangerig kan word. Ons vra dat hulle onskuld beskerm word en dat hulle die **regte leiding en lewensvaardighede** sal leer wat hulle voorberei om 'n gesonde en Goddelike lewe as groot mense te ervaar. Spr.22:6

***Kerke:** Ons bid dat **kerke in eensgesindheid geestelike eienaarskap** sal vat om aktief vir die strate en onrus geteisterde gebiede in Stellenbosch te bid. Joh17:21 en Ef 3:10

***US Studente:** Ons bid dat die studente 'n oorgawe sal maak om Jesus as hulle persoonlike Saligmaker aan te neem en hulle lewens te lei om hulle doel te bereik

***Plase:** Ons bid vir die beskerming van die boere en vir seën op hulle oeste om aan die land se behoeftes te voorsien 2Kor 9:10/ 1Kor 3:6

SAP en Sekuriteitsdienste: Ons bid vir beskerming oor en doeltreffendheid van die Polisiestasies en Sekuriteitsdienste. Mag die Here hulle oprig in ooreenkoms met Sy roeping op hulle lewe.Ps127:1

*Ons vra dat die Reënboog Bruid van die Here in eenheid en met een hart in versoening in God se roeping sal beweeg. Ons vra dat daar in vrede en liefde saamgewerk word om die dorp se mure wat afgebreek is te herbou Ps.133

* Ons bid vir die bevryding van die vestings en dit wat keer dat Stellenbosch verlos word om die Koninkryk van God te eer Jes49:8,9

Jerigo se Mure se riglyne: Ons bid vir verlore siele

Sosiale geregtigheid

Die volheid van die herlewing

Ons bid vir die Bergmisie spanne en die Straat-tot-straat gebed hardlopers en stappers vir beskerming, strategie en getrouheid om God se plan met die beweging na te kom. Mag die Bloed van die Lam elkeen beskerm Ps.24

EKONOMIE: GEBEDSRIGLYNE

***Dat Stellenbosch as dorp God sal dien, nie Mammon nie** (Mat6:24)

Ons bely waar dit nie die geval is nie. Ons vra dat Vader ons weer sal rig om Sy doel met die dorp te bereik.

* Ons vra dat **eienaarskap van grond/eiendom** in lyn met God se doel of geregtigheid en seën sal wees, (Ps.24)

***Ons bid dat die Here die dorp sal genees van enige binding van slawerny** (Rom8:15 en Gal 4:31)

* Ons bid vir die **regstelling** van elke sisteem wat mense in finansiële binding of slawerny hou.

* Ons vra vir die **regverdige vergoeding** van werkers in alle sektore van die dorp Jes.54:14/1 Tim 5:18

*Ons bid vir nuwe inisiatiewe om die jeug toe te rus en op te voed in die beginsels van entrepreneurskap en begrotings. Dat die jeug finansiële verantwoordelikheid vir hulself sal neem en in staat sal wees om hulle gawes te gebruik om geleenthede te gebruik om aan hulle gesinne en families se behoeftes te voorsien.

- * Daar is 'n behoefte vir 'n **tegniese skool en opleiding** in Stellenbosch om die wat opleiding nodig het te help om die nodige vaardighede te leer en toegang te hê tot praktiese werk.
- * Ons bid vir **regverdigheid in die werksplek**. Dat mense met kwalifikasies toegang tot werk sal hê. Dat daar geen diskriminasie sal wees oor geslag of ras nie.
- * Ons bid dat gemeenskappe **eienaarskap sal neem vir hulle eie ekonomiese behoeftes**. Daar is 'n behoefte aan mense om te help om gemeenskappe op te lei in begroting en finansiële beplanning, entrepreneurs te ondersteun met sponsors en vaardighedsopleiding. Alles om families vir hulleself te laat sorg.
- * Ons bid vir die **munisipaliteit/ maatskaplike dienste en besighede** vir wysheid met die verspreiding van fondse in die gemeenskap om gemeenskap te herstel.
- * Ons bid dat mense in Stellenbosch sal **belê** deur fondse/opleiding en programme om die dorp te herstel.
- * Ons bid vir wysheid in die **voorsiening van die verskillende behoeftes** in die gemeenskap. Bv huisskemas
- * Ons bid vir mense in **besigheid wat hande vat met geestelike eienaarskap** om die dorp op te hef van die ekonomiese plek met toegang tot bronne.
- * Ons dank Vader vir die **ekonomiese seëning** van die dorp en dat ons verantwoordbaar sal wees hoe die geld bestuur word.
- * Ons bid **voorsiening om God** se doel te bereik
- * Mag God eer ontvang van boere, wêreldstandaard wyne, toerisme, die natuur van Stellenbosch en die in eienaarsposisie om God se wysheid om die finansies te bestuur tot eer van Sy Naam!

Ons dank almal wat deelneem aan die Gebedsweek

1 Pet 3:12

Die Here sorg vir die opreg en luister na hulle hulpgeroep

Jak 4:8

Nader tot God en Hy sal tot julle nader

Aan die Here alle eer!!

Seëninge

Taakspan 2019